**2020-04-05**

**Aan die stuur**

**Handelinge 1:12-26**

Goeie more aan u elkeen. Dit is weereens ‘n baie groot voorreg om saam met u te wees waar u uself ookal bevind.

*Votum:*

1. Die kerk is die Heer se mense,
wat vra na die Heer se wense.
Ja, ons is die Heer se mense.
Die wêreld moet Hom sien!

2. Die kerk is die Here se woning,
‘n huis vir sy eie koning.
Ja, ons is die Here se woning.
Die wêreld moet Hom sien!

3. Die kerk is die Heer se tempel,
ons dra nou die Heer se stempel.
Ja, ons is die Heer se tempel.
Die wêreld moet Hom sien!

(Flam 26)

Geliefdes ek groet u in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilge Gees, genade en vrede vir u, mag u ook in hierdie duister tyd die lig van ons Heer ervaar.

*Liedere:*

- **Juanita du Plessis:** Ons Koning kom – https://www.youtube.com/watch?v=Pd0om5B9dFs
- **Die Broers:** Dierbare Kruis – https://www.youtube.com/watch?v=OvtvEJr4juA

*Gebed:*

- **Verskeie kunstenaars:** Die Onse Vader - https://www.youtube.com/watch?v=XWkLSu8zis0

Ons lees vandag saarm uit Handelinge 1:12-26. Dit is die verhaal van die Verkiesing van die opvolger van Judas.

Handelinge 1:12-26

**Judas se opvolger**

12. Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver.

13. In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus.

14. Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

15. In daardie tyd was daar 'n byeenkoms van die sowat honderd en twintig gelowiges. Petrus het die leiding geneem en gesê:

16-17. “Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om 'n aandeel in ons werk te hê, maar hy het die gids geword van dié wat vir Jesus gevange geneem het.

18. “Met die geld wat Judas vir sy misdaad gekry het, het hy 'n stuk grond gekoop. Daar het hy vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgepeul.

19. Dit het bekend geword onder al die inwoners van Jerusalem. Daarom word die plek in hulle taal Akeldama genoem. Dit beteken Bloedgrond.

20. “In die boek van die Psalms staan daar:
“Laat sy woonplek leeg word;
laat niemand daarin woon nie,
“en:
“Laat 'n ander sy amp oorneem.

21-22. “Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.”

23. Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barsabbas of Justus genoem word, en Mattias.

24. En die gelowiges het gebid: “Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het

25. om as apostel te dien in die plek wat Judas leeg gelaat het toe hy gegaan het na waar hy hoort.”

26. Hulle het geloot, en die loting het vir Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel.

Op universiteit was daar heelwat dosente wat dinge gesê het wat my altyd sal bybly. Daar is egter die enkeles wie se woorde bietjie meer uitstaan. Een van die persone wat so uitstaan is Prof. Malan Nel. As ek aan hom dink, dink ek aan die woorde wat hy altyd gesê het, dat ons almal “helmmen” is.

Wat presies is “helmsmen”? ‘n Helmsman is ‘n stuurman van ‘n skip. Die skip, sowel as die vrag, behoort nie aan hom nie. Die roete waarheen hy vaar word ook deur hom bepaal nie, maar deur die eienaar van die skip.

In kort is ons almal in die kerk dus deel van ‘n stuurspan van ‘n skip wat aan God behoort, en God bepaal ook die rigting waarheen ons vaar.

Dit maak die verantwoordelikheid op ons skouers net soveel meer as wat ons ooit sal besef.

Die vroeë kerk het uit haar nate gebars. Mense het in groot getalle tot bekering gekom. Daar was ook baie teenstand, maar die kerk het steeds bly groei ten spyte van. Die dissipels het hulle goed van hulle taak gekwyt om daagliks nuwe gelowiges by te voeg. Die skippie was goed aan die seil gewees.

Die dissipels het wel een fout begaan, in die verkiesing van die plaasvervanger van Judas. Die idee het baie goed begin, hulle het gebid en God se wil gevra, maar dit toe gevolg dat lootjies getrek word om te bepaal wie Judas moes vervang. Mattias was die aangewese persoon. Nogal interessant dat dit die eerste en die laaste keer is wat ons die naam van Mattias lees in Handelinge.

Loting was in Heidense praktyk hoe hulle gevoel het dat die gode hulle keuses uitgevoer het. Die dissipels het dit geweet en dat dit teen die Wet was, maar nogtans gebruik hulle hierdie metode. Hulle het heel moontlik op sigself mense gekies om tussen te besluit.

Min sou hulle weet dat God ‘n ander plan gehad het vir die kerk en die persoon wie Hy daar wou plaas.

Ons het ‘n soortgelyke toneel al tot vervelens toe in rolprente gekry. Ons het aan die een kant die situasie wat besig is om te omvou, en aan die ander kant het ons die held in die situasie waarin hy homself bevind. Die situasie aan die een kant is soms stelselmatig besig om te ontwikkel, aan die ander kant soms baie vinnig. Die persoon of groep in die situasie probeer tevergeefs om die situasie te ontlont. Die held lyk glad nie na die persoon wat geskik is vir die taak nie, in sy doen en late.

Hierdie verhaal is ‘n tipiese soortgelyke verhaal. Aan die een kant is die kerk besig om vervolg te word, alle moontlike pogings word aangewend om die kerk te vervolg. In reaksie daarop beraam die kerk planne om die stryd te wen. Sommige goed, en sommige minder goed. Saulus was ‘n groot doring in die kerk se vlees met sy grootskaalse vervoliging van die kerk. Hy was uiters suksesvol in sy uitvoer van sy taak: om die kerk te stuit. Mense was bang vir hom.

Min sou die Apostels weet dat dit juis Saulus sou wees wat die kerk sou red, die man wat van die grootste vervolgings gedoen het, sou die grootste sendeling word ter wille van die Woord. Hy sou te voet die grootste area bedek wat nie maklik geëwenaar sou kon word nie.

Maar net soos in die rolprentlprentwêreld waar die paaie van die twee pole kruis, vind dit ook plaas in die Handelinge verhaal, die kerk en Saulus, later Paulus, se paaie kruis met God wat ingryp.

Die kerk se rug was teen die muur, die Apostels se enigste weg uit wat hulle gesien het was om iemand in Judas Iskariot se plek te kry om weer voltallig te wees. Die gesegde lui: "'n Benoude kat maak benoude spronge".

Die verhaal begin so mooi met die Apostels wat biddend die Here vra om in te gryp en Judas se plaasvervanger uit te wys dat hy aangestel moet word. Dan trek hulle 'n streep daardeur met die heidense loting wat hulle toe uitvoer.

Die grootste vervolger van die kerk kom tot bekering en begin sommer dadelik met die verkondiging van die Woord waar hy homself bevind. Selfs ten spyte van sy reputasie gaan hy voort en verkondig die Woord op 'n kragdige wyse. Die persone wat hom teënstaan as gevolg van sy geskiedenis en sy moontlike intensies, word gerus gestel dat sy bedoelings opreg is. Hy sou later met soveel geloofwaardigheid optree toe die kerk agtergekom het dat Paulus self ook gesoek word om vervolg te word dat die kerk hom gehelp het om Damaskus te verlaat en sodoende die vervolging vry te spring.

Paulus moes homself oor en oor bewys om die guns van die Apostels te wen, hulle kon nie dit indink dat Paulus die Here se antwoord was op wie die plek van Judas moes inneem nie.

Elkeen van ons kan identifiseer met die Apostels se optrede in die hele verhaal in ons persoonlike lewens en as deel van die kerk. Dit voel asof dinge net te veel begin raak en dat daar nêrens 'n uitkoms is nie. Al wat ons sien is die aanslae en dinge wat ons wil sink en laat onder gaan. Selfs die mees waarskynlike oplossing van God self af lyk soos iets wat ons eerder wil laat sink of laat swem.

As helmsmen van ons eie lewens, en waar ons betrokke is, moet ons besef dat dit 'n proses is om op die punt te kom waar ons sal kan onderskei tussen wat goed is, wat sleg is. Wat van die Here af kom, en wat nie. Die volgende verhaal verduidelik die vertrekpunt.

> Die verhaal word vertel van 'n ryk sakeman in Amerika wat uiters suksesvol was en talle groot besighede besit het. Hy was ongetroud. Weens die feit dat hy

ongetroud was en skatryk was kon hy een groot passie uitgeleef het, om ‘n avonturier te wees.

Hy het ‘n baie groot voorliefte gehad om na afgeleë plekke reg oor die wêreld te reis en die plek alleen, sonder ‘n gids, kaart of kompas aan te durf en dit te verken. Hy sou sy rigting bepaal met die son, maan, sterre, en ander elemente.

Op ‘n dag besluit hy om die Amesone in Brasilië aan te durf. Daar aangekom, begin hy sommer dadelik met die eerste paadjie wat hy sien wat die oerwoud binnegaan.

Hy het slegs genoeg kos en water vir ‘n paar dae saamgeneem.

Soos hy dieper en dieper die woud ingaan besef hy dat dit baie moeilik is om rigting te bepaal, omdat die blaredak te ryg is. Hy kan nie presies uitmaak waaheen hy oppad is nie, en die besef kom ook op ‘n stadium dat hy besig is om in sirkels te beweeg.

Sy kos en water begin min raak en hy kan dit nie aanvul nie, omdat die digte blaredak hom nie genoeg lig gee om te onderskei wat gesond en wat dodelik is nie.

Nadat sy kos en water opgeraak het, het hy besef hy is nou kniediep in die moeilikhied. Hy bereik ‘n punt waar hy nie verder kon beweeg nie, hy het bloot nie die krag nie, en hy gaan sit toe teen ‘n boom en wag om te sterf. In van sy laaste oomblikke kry hy homself so jammer, al die geld om ‘n waardige begrafnis te hê, en hier sterf hy eensaam, en sal heel moonlik nooit gevind word nie.

Hy veloor sy bewussyn en herwin dit weer op ‘n stadium. Hy besef hy is nie meer teen die boom nie, maar hy lê op ‘n bed in ‘n eenvoudige hut. Hy sien die man wat in die hut woon is besig om sop te kook op ‘n vuur en hy kon ook die gevolgtrekking kom dat die man hom al ‘n ruk lank versorg het en sop en ander middele ingegee het om weer krag te kry.

Toe die man sien dat hy bygekom het, vra hy hom die volgende vraag: “Wie is jy en waarheen is jy oppad?” Die sakeman besef hy kan nie regtig antwoord nie, en hy reageer bloot met dat hy nie weet waarheen hy oppad is nie, hy kon wel sy naam sê.

Die man wat hom versorg het neem hom later na ‘n oop stuk in die bos, en daar land toe ‘n helikopter wat hom terug neem na sy stad van herkoms waar hy verder versorg kon word.

Hy sou later weer terug gaan na die persoon wat so ‘n impak op sy lewe gehad het en hy het om ‘n goeie pos aangebied. Al wat hy moes doen was om die vraag van wie hy is en waarheen hy oppad is.

Dit is die vertrekpunt, ons moet weet wie ons is, en waarheen ons oppad is om iewers te kom. Ja, ons bepaal dalk nie die eindpunt nie, maar ons kan die bakens duidelik sien waarheen om te gaan. Ons moet ook onsself, ons sterkpunte en swakpunte ken sodat ons kan weet waar ons hulp, raad ens sal benodig.

Hoe moet ek optree in alle omstandighede, veral wanneer daar van my verwag word om te reageer?




*Gebed:*

Here, dankie dat U my as mens ook vertrou om die Helmsman te wees van my lewe en ook deel kan hê van die beheer en rigting van die kerk. Leer my asb die sensitiwiteit om altyd te luister en op U te vertrou. Amen.

*Slotlied;*

- **Piet Smit:** Seilboot - https://www.youtube.com/watch?v=8_kZ6WnkfE4

*Seënuitspraak:*

Mag die HERE julle seën en julle beskerm –

Mag die HERE Sy aangesig oor julle laat skyn en julle genadig wees –

Mag die HERE Sy aangesig na julle ophef en julle vrede gee –